LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 38
23 November 2018

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

BEGROTINGSVERGADERING 2019
Baie dankie aan al die ouers wat die Begrotingsvergadering op Maandag, 19 November 2018 bygewoon het. Die begroting is deur die ouers goedgekeur en is as volg:

SKOOLFONDS
Op 'n ouervergadering wat gehou is op 19 November 2018 is dit goedgekeur dat ons skoolfonds vir 2019 **R1 200,00 per leerling per maand vir 10 maande (Jan–Okt) of R3 000,00 per leerling per kwartaal of R12 000,00 per leerling per jaar** beloop. Ons doen tog 'n beroep op u om asseblief u skoolfonds gereeld te betaal. Al is ons 'n staatskool betaal die Departement slegs departementele onderwysers se salarisse en 'n minimale bedrag. Ons is nog steeds verantwoordelik vir die betaal van ons eie rekeninge (krag & water) asook die aankoop van onderrigmateriaal. Daarbenewens het ons ook onderwysers wat deur die Beheerliggaam vergoed word.

Skoolfonds is vooruitbetaalbaar teen die eerste week wat die skool open. Bankbesonderhede vir direkte inbetalings: **ENB Tjekrekeningnommer 62407489021 by Graaff-Reinet (takkode 210-216) met u kind se naam en van as verwysing.**

FINANSIëLE HULP
Die nodige vorms vir finansiële hulp vir skoolfonds is vanaf **1 Februarie 2019** by die skoolkantoor beskikbaar en **moet asseblief deur uself** afgehaal word. U moet asseblief teken met ontvangs van die vorm.

KOSHUISFOOIE
Die koshuisfooie is vasgestel op **R5 500,00 vir kwartaal 1 tot 3 per leerling en R3 500,00 vir kwartaal 4 per leerling**. Koshuisgelde kan slegs per jaar of kwartaal betaal word. **Die koshuisgelde moet op die eerste skooldag van elke kwartaal vooruit betaal wees. Die kwitansie moet by die ingang van koshuis getoon word.**

HUIS EYBERS NASORG
Indien u belangstel in nasorg by die koshuis **(slegs Maandae tot Donderdae)**, kan u die nodige vorms by die skool afhaal en so gou as moontlilk indien. Ons wil ons getalle vir volgende jaar finaliseer. Die fooie is vooruitbetaalbaar en moet aan die begin van die kwartaal betaal word, voordat u kind tot die nasorg toegelaat sal word. Die fooie vir 2019 is as volg.

Daar is 2 opsies beskikbaar:

A. R1 418.00 per kwartaal 1 – 3 en R946.00 per kwartaal 4 – middagetes uitgesluit; of
B. R2 072.00 per kwartaal 1 – 3 en R1384.00 per kwartaal 4 - middagetes ingesluit.

Nasorg kan ook <u>per maand</u> soos volg vereffen word:

A. R473.00 – etes uitgesluit of B. R691.00 – etes ingesluit.

KANKER
Laer Volkskool se omgee-projek vir die jaar was kanker. Danksy die muntlegging, gewone klere aantrek asook die karakterbou se sleutelverkope, kon ons die mooi bedrag van R10 000 oorhandig aan Hannatjie Pieterse van die plaaslike kankertak. Baie dankie aan een en elkeen wat gehelp het om hierdie projek te ondersteun.

KARAKTERBOU
Baie dankie aan mev Ilse Botha wat die laaste kwartaal die Pilare in die Nuusbrief behartig het. Vir haar moeite met die pragtige boodskappies elke week en die groot bederf met roomys vir al die leerlinge en personeel. Almal het dit baie geniet! Weereens baie dankie ons waardeer dit!

BETALING VAN SKOOLFONDS

Die skoolgeld vir 2018 moes al op 31 Oktober ten volle vereffen gewees het. Daar is 'n vergunning tot 25 November gemaak. Let asseblief daarop dat alle rekeninge wat nie op 25 November ten volle betaal is nie, op 30 November 2018 oorhandig sal word.

U ontvang vandag 'n "Wyse van betaling van skoolfonds" vorm, voltooi dit asseblief en stuur terug aan die klasonderwyser op 9 Januarie 2019.

BUITEMUURSE PROGRAM
U ontvang die 2019 Buitemuurse Program saam met u kind se rapport.

KORRESPONDENSIE
Nuusbriewe sal nie meer per epos uitgestuur word nie, aangesien dit per hand en d6 na die ouers uitgaan.

SKOOLFOTO'S
Die foto's wat u bestel het, sal saam met die rapporte uitgedeel word.

EINDE VAN VIERDE KWARTAAL
Aan elke ouer, leerling en personeellid wens ons 'n geseënde Kerstyd en Nuwe Jaar toe. Mag u elkeen die Here se genade en liefde gedurende hierdie feesseisoen beleef en 'n heerlike vakansie geniet.

Dankie ook aan elkeen wat op die een of ander wyse by Laer Volkskool betrokke was of 'n bydrae gemaak het. Dit word opreg waardeer.

SKOOL OPEN
Die skool open op **Woensdag, 9 Januarie 2019 om 08:00**. Die dag sal begin met 'n saalbyeenkoms waarby ouers ook meer as welkom is.

2019 KLASINDELINGS
'n Ernstige beroep word tot ons ouers gerig om asseblief nie met versoeke te kom of die proses te probeer beïnvloed nie. Dit maak die taak vir ons onmoontlik. Die 2019 klasindeling is een van die belangrikste oefeninge waaraan ons baie aandag gee.

SKRYWES WAT U ONTVANG
Wyse van betaling van skoolfonds
Skryfbehoeftelys
2019 Kalender

RAPPORTE
Rapporte kan op 12 Desember tussen 8 en 9 uur by die klasonderwyser afgehaal word deur die ouers of leerlinge. Indien die ouer dit nie self kan afhaal nie, moet 'n skriftelike toestemmingsbrief na die skool gestuur word wat 'n ander persoon magtig om die rapport te ontvang.

Indien u nie die rapport kan afhaal nie, moet u 'n volledig geadresseerde koevert met 'n seël na die klasonderwyser stuur. Die rapport sal dan na u gepos word. Rapporte wat nie afgehaal word of nie gepos word nie sal tot volgende jaar in die kluis gehou word.

SPORT

SWEM
Mark Blom het op Saterdag 17 November 2018 aan die B-Groep gala in PE deelgeneem. Hy het die volgende uitslae behaal:

50m Kruipslag	3de
50m Rugslag	8ste
50m Borsslag	14de

Baie geluk Mark!

Geseënde Kersfees en 'n
Voorspoedige 2019
word U toegewens!

Mnr D Joubert en
Personeel